Wyle Adriaan Geldenhuys wie se R100 vir die preekstoel in die nuwe kerkgebou op Gaberones betaal.

HY LEEF VOORT

ADRIAAN HENDRIK GELDENHUYS

IN die nuwe sendingkerkgebou op Gabarones in Botswana sal daar 'n blywende herinnering aan sy mooi, vroom jong lewe wees. Wyle Adriaan Geldenhuys se R100 wat met aflewering van koerante bymekaar gemaak is, sal vir die preekstoel betaal. 'n Silwerplaatjie met sy naam daarop sal teen die preekstoel aangebring word.

Mev. Geldenhuys van Tamboerskloof, Kaapstad, eggenote van wyle ds. J. Norval Geldenhuys, was onlangs by my op kantoor. Op 4 Mei 1968 is haar tweede oudste seun, twee dae voor sy sestiende verjaardag, skielik op die voetbalveld aan hartverlamming oorlede. Dit was vir haar en haar gesin 'n groot slag, maar daar was ook ryke vertroosting. Hy was 'n vroom seun. Van kindsdae af het hy die Here innig liefgehad. Daar het 'n mooi getuienis van sy jong lewe uitgegaan.

Die volgende is in sy lessenaar na sy dood gevind. Dit is 'n week voor sy dood deur hom geskrywe en openbaar die mooi gesindheid en koers van sy lewe:

„VOOR MY SESTIENDE JAAR:

★ Ek sal probeer om my goeie naam soos goud te bewaar, buite en in ons huis.
★ Ek moet altyd opreg van gees wees, waar ook al.
★ Ek moet onthou om bly te wees in die Here.
★ Ek moet liggaamlik fiks bly.
★ Ek moet leer om myself te beheers.
★ Ek moet nooit niksdoen nie en nikswerd voel nie.
★ Ek moet myself vergeet.
★ Ek moet dié persentasie in die eksamen bereik wat ek kán en waarvoor ek verantwoordelik is.
★ Ek moet een ding per keer — deeglik doen.
★ Ek moet dié dinge wat agter is, vergeet en my uitstrek na dit was voorlê. Jesus sê ek kan nie een el by my lengte byvoeg deur my te kwel nie.
★ Ek moet altyd moed hou — slegte moed kom vanself.
★ Ek moet nóu begin!"

Hy het uit geld wat hy met aflewering van koerante oor twee jaar bymekaar gemaak het, R100 in die posspaarbank gesit. Dit is dus geld wat hy met groot opoffering byeengebring het. Nou voel sy moeder sy kan nie die geld gebruik nie. Haar begeerte is dat dit vir die sending gebruik sal word en aan een of ander saak verbind word.

Nou het ons 'n mooi gedagte en dit vind byval by die moeder Op Gaberones, die nuwe hoof- en regeringstad van Botswana. bou ons tans 'n sendingkerk. Adriaan Geldenhuys se R100 gaan betaal vir die preekstoel in daardie kerk. 'n Silwerplaatjie met sy naam daarop sal teen die preekstoel aangebring word, as 'n blywende herinnering aan sy mooi, vroom jong lewe. So leef hy voort, al is hy daar nie meer nie, deur die lewende Woord wat in die toekoms van daardie preekstoel verkondig sal word, om siele tot die Here wat hy liefgehad het, te lei. Dit sou hom, as hy dit kon weet, groot vreugde verskaf het.

deur ds. P. J. J. S. Els, Algemene Sendingsekretaris. ★

VOLGEHOUE YWER BY GROOTHOEK

Trix Meiring met haar verpleegsters rondom die geopende Woord op Magalakwena-sendingstasie.

Mej. C. de Waal getuig dat die geestelike werk by die Groothoek-sendinghospitaal in Transvaal met volgehoue ywer voortgesit word. Die seën van die Here het dan ook nie uitgebly nie:

„Heelwat mense aan wie die evangelieboodskap gebring is, het heelhartig verklaar dat hulle die Here Jesus as hul Saligmaker aanneem.

Die invloed van die heidendom

Dat die heidendom nog 'n groot mag onder die Bantoe is, blyk uit 'n paar gevalle wat hieronder genoem word. Vroue is soms gewillig om die Here aan te neem, maar dan is hulle bevrees om by 'n kerk aan te sluit, omdat hul mans nog heidene is, en hulle ook dwing om bier te maak.

Dan het ek met 'n jong seun gepraat, en hy sê hy glo in die Here, maar sy pa weier dat hy by 'n kerk aansluit om gedoop te word, omdat hy reeds in die bergskool was.

(Blaai om asb.)